**Waarom laat U my onreg ervaar? (OP260)**

**Habakuk 1:1-4**

**7 Junie 2026**

Laaskeer het ons ons bestudering van die Johannes-evangelie afgesluit. Ek sou graag wou begin met ‘n sistematiese oordenking van die boek Romeine – grotendeels omdat dit een van die Nuwe Testamentiese Bybelboeke is wat essensieel is om die Here God se handelinge met ons as mense goed te begryp. Maar ek is ook oortuig dat ons nie die Ou Testament moet verwaarloos nie. Dit is so dat die boek Romeine op ‘n stadium juis na die boek Habakuk verwys. En ek het dit gevolglik goed gedink om eers Habakuk te bestudeer, voordat ek na Romeine wil aan beweeg.

‘n Verdere rede om Habakuk te bestudeer, is die feit dat hierdie boek baie relevant is vir die tyd waarin ons leef – en ek hoop dit sal vandag al duidelik word uit ons oordenking van die eerste paar verse van Hab 1.

Ek wil begin met ‘n paar inleidende opmerkings. Lees Hab 1:1. Uit die vers is dit duidelik Habakuk was ‘n profeet. Die boek Habakuk is dus een van die profetiese boeke in die Ou Testament – en omdat dit relatief kort is, slegs 3 hoofstukke, staan dit bekend as een van die sogenaamde Klein Profete. Ons weet baie min van wie die profeet Habakuk was. Ons weet byvoorbeeld nie eens vanuit watter stam hy was nie. Ons weet ook nie wat sy naam beteken nie. Uit die feit dat ons in Hab 1:6 lees van die beloofde koms van die Galdeërs, lei ons af dat hy waarskynlik teen die jaar 600 vC geleef en opgetree het – d.w.s. nie te lank voor die aanbreek van die Babiloniese ballingskap nie. Die noordelike 10 stamme was reeds in ballingskap weggevoer. Habakuk was dus waarskynlik ‘n tydgenoot van Jeremia wat in Juda opgetree het tydens die regering van konings soos Josia, Jojakim, Jojagin en Sedekia. Die boek bestaan grotendeels uit ‘n gesprek tussen die profeet en die Here, en sluit daarna af met ‘n gebed van Habakuk.

Ek beplan om gebruik te maak van verskeie kommentare oor die boek: dit sluit in die geskrifte van John Blanchard, Calvyn, Matthew Henry en ook Charles Spurgeon.

Vandag wil ek stilstaan by verse 1-4 van Hab 1, en ek wil dit oordink onder die volgende twee hoofpunte: (1) Die situasie in Juda, en (2) Die vraag van Habakuk aan die Here.

<u>Die situasie in Juda (Hab 1:2-4)</u>

Lees Hab 1:2. Habakuk roep na die Here, en dan roep hy uit: “Geweld!” Habakuk word gekonfronteer met die alledaagse lewe in Juda, en sy opsomming daarvan is: “Geweld!” Lees Hab 1:3-4. In hierdie verse lees ons meer detail van hierdie geweld:

- In vers 3 lees ons dat Habakuk verwys na onreg en leed wat plaasvind. Wat is onreg? Dit is dinge wat nie reg is nie. Iets is reg wanneer dit in lyn met die Here se wil is – immers is die Here die Een wat definieer wat reg en wat onreg is. Habakuk sê dus hy sien dinge wat teen die Here se wil is, wat teen Sy voorskrifte indruis. Hy sien dus hoedat sonde aan die orde van die dag is.
- Vers 3 gaan verder en sê dat daar ook vernietiging en geweld is wat plaasvind. Daar is dus nie onderlinge liefde wat in die gemeenskap na vore kom nie, daar is nie ‘n doelbewuste konstruktiewe opbou van die gemeenskap nie, eerder geweld en afbreking. Ons kan dus aflei dat dinge soos moord, roof en selfsug algemeen voorgekom het.

- Vers 3 voeg ook nog by twis en rusie kom voor. Nie net is daar nie eenstemmigheid oor sake in die gemeenskap nie, die onderlinge verdeeldheid word ook nie verantwoordelik hanteer nie. Dit eindig eerder in rusies.
- Vers 4 sê dit alles word verder vererger deur die feit dat die reg ook nie meer geld nie. Die reg word eenvoudig verdraai om elkeen se eie saak te bevorder, ongeag of dit regverdig is of nie. Ja, daar is nog enkeles in die samelewing wat regverdig wil optree, maar hulle word oorweldig deur goddeloses.
- Boonop sê Habakuk in vers 3 dat al hierdie verkeerde dinge reg voor hom gepleeg word, m.a.w. dit gebeur oop en bloot waar almal dit kan sien. Daar word nie eens meer ‘n poging aangewend om dit in die geheim te doen, en ten minste die skyn te skep dat alles in orde is nie.

Klink dit alles nie baie bekend nie?

- Dink aan die wêreld van ons dag: Daar is ‘n oorvloed van twis en rusie. Oorloë is aan die orde van die dag op soveel plekke. Daar is selfs sprake dat misdade teen die mensdom op plekke gepleeg word. Selfs in Westerse lande wat tradisioneel sogenaamd Christelik is, kom baie min tereg van Christelike beginsels in die samelewings. Baie sisteme, instellings, ooreenkomste wat oor die loop van jare opgebou is, word bevraagteken en selfs afgebreek en beëindig. Van tyd tot tyd hoor ons hoe wêreldleiers nasionale of selfs internasionale wette oortree. En baie hiervan vind oop en bloot plaas vir almal om te sien.
- Dink aan Suid-Afrika: Ons is almal bewus van hoe onaanvaarbaar hoog misdaadstatistiek in ons land is. Elke dag hoor ons van verdere verval in standaarde. Infrastruktuur verval en gaan agteruit. Die Here en Sy voorskrifte word al hoe minder erken in die samelewing. Daar is voortdurende stryd en rusie tussen politieke partye, tot so ‘n mate dat die sogenaamde regering van nasionale eenheid voortdurend onder druk is. En dit alles vind oop en bloot plaas vir almal om te sien.
- Dink aan die kerk van ons dag: Dikwels lees ons in die nuusmedia van finansiële en seksuele vergrype van kerkleiers in sekere kerkverbande. Gereeld word ons bewus van vreemde leringe, wat nie die toets van God se Woord kan deurstaan nie, maar wat wel in kerke ingevoer word. Ons is maar te bewus van rusies en twis tussen ondersteuners van verskillende sienings. Baie keer word hierdie twisgesprekke in die media gevoer vir die hele wêreld om te sien.

Ek hoop dit is duidelik: Wat Habakuk ervaar het was nie iets wat beperk was tot die jaar 600 vC nie. Dit is steeds aan die orde van die dag. Wat hy destyds gesien het, sien ons ook steeds elke dag in die wêreld, in ons land, en selfs ook in die kerk. Daarom is dit sinvol om kennis te neem van wat Habakuk destyds gedoen het – ons kan verwag om vanuit sy ervaring te kan leer oor hoe ons nou behoort op te tree.

<u>Die vraag van Habakuk aan die Here (Hab 1:2-4)</u>

Kom ons kyk nou na hoe Habakuk gereageer het op al die dinge wat hy gesien het wat onder die volk van die Here besig was om plaas te vind. Lees verse 2-3.

Natuurlik het dit Habakuk ontstel. En Habakuk het hierop gereageer soos wat gelowiges normaalweg reageer wanneer hulle iets waarneem wat hulle ontstel: Hy het gebid. In vers 2 lees ons dat hy sê: “Ek roep om hulp” en “Ek roep uit na U”. Die verstommende is egter wat hy ook in vers 2 sê: Al bid hy oor al hierdie verkeerde dinge wat besig is om onder die volk plaas te vind, luister die Here nie, en die Here verlos hulle nie uit hierdie krisis nie! Dit maak tog nie sin nie! ’n Mens sou tog verwag dat

die Here sou reageer wanneer Sy profeet tot Hom roep – veral wanneer soveel onreg op soveel plekke oop en bloot plaasvind. Wat dit nog erger maak, is dat Habakuk nou al geruime tyd hieroor bid – daarom sê vers 2: “Hoe lank nog, Here?” Wanneer gaan die Here hom antwoord, en wanneer gaan die Here verligting bring?

Wat Habakuk nog meer verbaas, is die feit dat die Here bewus is van al die onreg – trouens, sê vers 3, die Here kyk toe terwyl dit alles gebeur. Sien jy die punt wat Habakuk maak? Hy worstel met al die onreg wat plaasvind. Maar hy worstel met meer as dit: hy worstel daarmee dat hy al lank hieroor tot die Here bid. Hy worstel daarmee dat die Here toekyk terwyl al hierdie dinge gebeur. En tog gaan dit steeds voort. Hy worstel daarmee dat Hy as die Here se profeet al hierdie onreg moet ervaar. Daarom die vraag: “Waarom laat U my onreg ervaar, en leed, terwyl U toekyk?”

Ek vertrou dat ons ook al almal gebid het vir die situasies in die wêreld, in Suid-Afrika en ook in ons kerke in die tyd waarin ons leef. Ja, miskien was daar hier en daar gebeure waar die situasie verbeter het. Maar ek dink ons sal saamstem – dit gaan oënskynlik maar net ongehinderd voort. En gevolglik wil ons saam met Habakuk vra: “Waarom, Here, laat U ons al hierdie onreg ervaar? Waarom gryp U nie in nie? U kyk dan toe terwyl dit alles gebeur!”

Natuurlik moet ons die boek verder lees om die antwoord van die Here te hoor. En, as die Here wil, is dit wat ons volgende week sal doen.

Maar vandag wil ek meer in die algemeen besin oor hoekom die Here steeds toelaat dat daar soveel onreg in die wêreld is, al leef ons meer as 2500 jaar na Habakuk. Volgende week sal ons sien die Here het onderneem Hy sal die Galdeërs stuur – wel, die realiteit is: Intussen het die Galdeërs gekom, en tog ervaar ons steeds dieselfde onreg. Trouens, intussen het die Here Jesus al gekom, Hy het aan die kruis gesterf waar Hy ook die duiwel oorwin het, en tog ervaar ons steeds dieselfde onreg as wat Habakuk ervaar het. Waarom, Here? Was die koms van die Galdeërs, en selfs die koms van die Here Jesus, dan nie effektief nie?

Charles Spurgeon, die gewilde Engelse prediker van die 1800’s, het op ‘n stadium ‘n preek gelewer juis oor hierdie vraag van Habakuk in Hab 1:3. Alhoewel ek nie presies wil herhaal wat hy gesê het nie, is die strekking van wat ek gaan sê, soortgelyk aan wat hy destyds gesê het.

Ek wil Habakuk se vraag antwoord aan die hand van die sogenaamde “doctrines of grace” wat die fondament is van gereformeerde teologie. Dit staan ook bekend as die “five points of Calvinism”. Dit is daardie vyf leerstellings wat vir gereformeerdes kosbaar is, en wat ons glo die basis vorm van hoe die Here mense red. Hierdie vyf leerstellings word dikwels, in Engels, afgekort met: T.U.L.I.P. Die leerstellings is:

- T – Total depravity (totale verdorwenheid): Die belangrike punt hier is dat alle mense sondaars is, alle mense is dood in hulle sonde, en hulle kan nie uit hulle self kies om God te dien nie.
- U – Unconditional election (onvoorwaardelike uitverkiesing): Die belangrike punt hier is dat God soewerein, voor die skepping van die wêreld, reeds besluit het wie Hy uitverkies het om tot geloof te kom. Hierdie uitverkiesing is gebaseer alleen in God se wil, en nie op grond van enige verdienste van die persoon wat uitverkies word nie.
- L – Limited atonement (beperkte versoening): Die dood van die Here Jesus aan die kruis is volledig effektief vir die versoening van diegene wat God uitverkies het. Dit is egter net effektief vir die uitverkorenes, nie vir alle mense nie.
- I – Irresistable grace (onweerstaanbare genade): God roep diegene wat Hy uitverkies het alleen uit genade tot geloof in die Here Jesus. Wanneer Hy hulle roep, gaan dit gepaard met

'n genadewerking wat so sterk is dat dit onweerstaanbaar is – en daarom kom hulle almal tot geloof.

- P – Perseverance of the saints (volharding van die heiliges) – Diegene wat God deur Sy Seun met Homself versoen het, sal nooit hulle verlossing verloor nie. Hy sal toesien dat hulle volhard tot die einde toe.

Kom ons keer nou terug na Habakuk se vraag: Waarom laat die Here ons onreg ervaar terwyl Hy toekyk? Een van die punte wat Spurgeon in sy preek destyds gemaak het, was dat die Here ons juis hierdeur wil herinner aan hierdie leerstellings wat ons opsom as die "doctrines of grace", oftewel TULIP. Kom ons kyk in meer detail na elkeen van hierdie stellings:

**Totale verdorwenheid:** Habakuk het destyds na die volk van die Here gekyk – en wat hy gesien het was onreg, leed, vernietiging, geweld, twis, rusie en verdraaiing van die reg. Ons het besin daaroor dat dit steeds is wat ons ook sien, al is dit meer as 2500 later. Wel, dit maak sin: Sedert Gen 3 is die mensdom sondaars. Alle mense is sondaars. Paulus beredeneer die saak ook in Rom 3, en bereik die punt waar hy verklaar: "Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie; daar is niemand verstandig nie, daar is niemand wat God soek nie. Almal het afgedwaal, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie." Wel, as Paulus se beredenering korrek is, hoe sou ons verwag moet die wêreld lyk? Vol onreg, leed, vernietiging, geweld, twis, rusie en verdraaiing van die reg. Soos wat Habakuk destyds gesien het. Soos wat ons tans sien – in die wêreld, in Suid Afrika, en selfs in die kerk.

Die probleem is: Die mensdom is baie arrogant en selfvoldaan. Van nature dink ons ons verstaan hoe die lewe werk. Ons dink ons is God. Ons dink ons weet selfs beter as God wat vir ons goed is. Ons dink nie dit is nodig om ons aan God se gesag te onderwerp nie. As God voorskryf ons moet mekaar liefhê soos onsself, verander ons dit na ek moet eerste en veral myself liefhê. As God voorskryf onderwerp julle aan die owerheid sover as wat dit in lyn met Sy wil is, verander ons dit na sover as wat dit in lyn met my wil is. As God voorskryf onderhou die sabbatdag, beperk ons dit tot die Sondae wat dit vir ons gerieflik is. As God waarsku teen rykdom, interpreteer ons dit as net geldig vir die mense wat ryker as ons is.

M.a.w.: As ons vra: "Here, hoekom laat U ons die onreg ervaar, en dit terwyl U toekyk", is die Here se antwoord: Moet nooit vergeet hoe verdorwe elke mens in die ganse mensdom van nature is nie. Dit is hoekom die wêreld en ons land en die kerk lyk soos wat hulle lyk. Ons as mense is van nature verdorwe – kyk rondom jou, en jy sien die bewyse daarvoor: dit is oop en bloot voor ons elkeen se oë.

**Onvoorwaardelike uitverkiesing:** Habakuk het destyds na die volk gekyk, en hy was ontsteld. Ons kyk na ons wêreld, en ons is ook ontsteld. Maar let mooi op: Die meeste mense is nie ontsteld nie – trouens hulle neem aktief deel aan al die onreg wat plaasvind. Ja, dit is so – party is meer korrup as ander. Sommiges pleeg moord of steel miljoene. Party wêreldleiers gaan selfs sover om oorloë te begin. Ander steel net bietjie tyd van die baas as hy nie kyk nie, of verklaar nie alle inkomste aan die belastinggaarder nie, of ry net oor 'n rooi verkeerslig. En tog is daar enkeles wat selfs as hulle net een van hierdie kleiner misdade pleeg, verstaan hulle is skuldig – en hulle wroeg daaroor, want hulle weet dit is sonde. Dit is mense soos Habakuk, wat worstel met die onreg.

As ons dit begin raaksien, wil die Here ons aan hierdie tweede leerstelling herinner: As jy een van die minderheid is wat ontsteld is oor die onreg wat plaasvind, wat wroeg as jyself skuldig is, al is dit oor 'n relatief klein oortreding, onthou dan hoekom jy so anders is: Dit is die resultaat van die Here se uitverkiesing. Maar onthou ook: Hy het jou nie uitverkies op grond van die feit dat jy nou so

verantwoordelik optree en ontsteld is oor die onreg van ander nie, nee, Hy het jou uitverkies op grond van Sy vrye wil. Jou relatief goeie gedrag en jou ontsteltenis oor die onreg rondom jou, is die gevolg van 'n besluit wat die Here lank gelede oor jou geneem het toe Hy jou uitverkies het. Let op: Dit was 'n onvoorwaardelike uitverkiesing. Hy het jou nie uitgekies omdat jy beter is as die ander mense nie. Nee, Hy het jou uitgekies sodat jy beter sal wees as die ander mense.

Dus: As ons as gelowiges vra waarom die Here ons die onreg laat ervaar, is die Here se antwoord: Sodat ons nie sal vergeet nie dat ons net anders as die res van die wêreld voel oor die onreg wat plaasvind, omdat Hy ons uitverkies het om anders te wees as die res van die wêreld. Dit moet ons aanspoor tot dankbaarheid teenoor Hom vir Sy werk in ons, en mag ons nooit vul met 'n gevoel van meerderwaardigheid nie.

**Beperkte versoening:** Habakuk het opgemerk dat goddeloses die regverdiges omsingel (vers 4). Ons neem dit ook waar: As 'n gelowige gegrief word deur die onreg van ons tyd, en as daardie gelowige dan opstaan en standpunt inneem teen die onreg, dan word daardie gelowige dikwels die teiken van diegene wat die onreg bedryf. So 'n gelowige word dan beskuldig dat hy of sy nie moet dink hulle is beter as ander mense nie – immers is nie almal sondaars nie? So 'n persoon word dan dikwels beskuldig dat hy homself "hoogheilig" hou.

Die feit dat gelowiges gegrief word deur die onreg in die wêreld, is juis die resultaat van die feit dat hulle regverdiges is – d.w.s. hulle is geregverdig deur die werk van die Here Jesus. Hulle is geregverdig omdat die Heilige Gees in hulle 'n hart van vleis gegee het en dus wederbaar het, die Heilige Gees het in hulle harte sondebesef gewerk, Hy het in hulle harte geloof in die Here Jesus as die enigste Verlosser gewerk, en daarom is hulle geregverdig. Hulle verstaan hoe 'n gruwel hulle sonde voor die Here is, hulle verstaan hoe 'n duur prys die Here Jesus daarvoor betaal het. Hulle verstaan hoe ernstig die onreg van die wêreld is. Daarom is hulle so gegrief daardeur, daarom staan hulle op. Maar dan moet hulle ook onthou: Daar is beperkte versoening – nie beperk in die sin dat hulle nie volledig met God versoen is nie, maar wel beperk in die sin dat nie almal deur die Here Jesus met God versoen is nie, net die gelowiges. Daar is steeds mense wat heeltemal tevrede is om in onreg voort te lewe.

As ons as gelowiges vra waarom die Here ons steeds die onreg laat ervaar, dan wil Hy ons ook daardeur herinner aan hoe hoog die prys was wat die Here Jesus moes betaal en hoe groot die werk van die Heilige Gees in ons was om ons regverdiges te maak. Dit moet ons opnuut tot dankbaarheid bring – veral as ons onthou nie almal is so bevoorreg om hierin te mag deel nie.

**Onweerstaanbare genade:** Habakuk kon nie anders nie as om die onreg wat hy gesien het in gebed voor die Here te bring – dit was vir hom onweerstaanbaar. Hy het herhaaldelik tot die Here geroep – hoe lank nog voor die Here gaan antwoord? Die genadige werking van die Heilige Gees in Habakuk, omdat Hy deur die Here uitverkies is, op grond van die werk van die Here Jesus in hom, het hom eenvoudig gedring om anders as die wêreld te wil wees, en om daarom die saak voor die Here te bring.

Elke gelowige beleef die onweerstaanbare genade van die Here. Selfs al is ons steeds nie volmaak nie, selfs al sondig ons steeds – as ons die onreg in die wêreld rondom ons sien, word ons onwillekeurig herinner aan die genadewerk van die Here in ons. Nie net is ons deur die genade van die Here geregverdig nie, ons wil nou ook anders wees as die wêreld. Trouens die blote feit dat ons die onreg moet aanskou en ervaar, dryf ons na die Here om te vra: "Hoe lank nog, Here?" Hierdie ander gesindheid en dryfveer kom nie uit onsself nie – nee, dit is die resultaat van die onweerstaanbare genade van die Here deur Sy Gees. En ons moet dit onthou.

**Volharding van die heiliges:** Die vyfde leerstelling is dat die heiliges, d.w.s. die gelowiges, nooit hulle verlossing sal verloor nie – daarvoor sal die Here sorg. Dit is natuurlik 'n groot bron van sekuriteit vir die gelowiges. Dit is opvallend dat daar geen teken was dat Habakuk begeer het om terug te keer en om weer deel te neem aan die onreg van sy tyd nie. Nee, hy wil eerder dat die onreg ophou, of dat hy dan uit die onreg mag ontsnap.

Gelowiges mag oortuig wees dat hulle end-uit sal volhard. Die waarborg hiervoor lê nie in hulle eie krag en toewyding nie, maar wel in die feit dat die Here hulle uitgekies het, hulle regverdig verklaar het, en heiligmaking in hulle sal werk deur Sy Heilige Gees. Hy sal daarvoor sorg. Al is dit nou alreeds meer as 2500 jaar later, en al is daar steeds onreg in die wêreld, is dit ook waar dat daar al duisende gelowiges is wat deur die loop van die eeue volhard het in hulle weersin teen die onreg tot aan die einde van hulle lewens, en daarna is hulle deur die Here weggeneem in heerlikheid. Dit sal ook waar word van elke gelowige.

Samevatting

Kan ek probeer saamvat: Daar is steeds onreg in die wêreld rondom ons. Ons weet dit. En die Here weet dit ook. Maar wat ons ook mag weet, is dat die onreg die gevolg is van die sondige aard van die mensdom. Alle mense neig daartoe om deel te neem aan die onreg – dit moet ons nie verbaas nie. Waaroor ons wel verstom mag staan, is dat die Here reeds voor die sondeval sekere mense uitgekies het. Hierdie mense, en net hulle, word deur die Here verlos deur die werk van Sy Seun en die Heilige Gees. Hy doen dit uit genade – en hierdie genade is onweerstaanbaar. En hierdie werk van die Here is so kragtig dat nie een van hulle ooit sal terugkeer om deel te neem aan die onreg nie. Eventueel sal Hy hulle uit die onreg verwyder – maar tot dan sal Hy hulle in die onreg bewaar.

Maar nou mag jy wil vra: Maar hoekom doen die Here dit so? Hoekom verwyder Hy ons nie direk uit die onreg en neem ons na Hom toe nie? Ek is van mening daar is twee redes:

- Die Here is besig om Sy koninkryk te bou. Hierdie koninkryk bestaan uit al die uitverkorenes. Nie al die uitverkorenes is al gebore en is al uit hierdie wêreld in heerlikheid opgeneem nie. En terwyl hulle nog hier is, het hulle 'n verantwoordelikheid: hulle moet die evangelie aan die wêreld gaan verkondig. Daar is steeds uitverkorenes wat nog in die wêreld is wat geroep moet word. En die Here het besluit om juis gelowiges, o.l.v. die Heilige Gees, te gebruik om hulle te gaan roep. Daarom is ons steeds hier – te midde van die onreg waarmee ons daagliks gekonfronteer word.
- Boonop moet hierdie gelowiges self ook steeds groei in heiligheid, voordat hulle gereed is om in heerlikheid opgeneem te word, en in die teenwoordigheid van die drie maal heilige God te mag kom.

Die punt is: Die onreg in die wêreld is nie 'n aanduiding dat die Here beheer verloor het oor die wêreld nie. Dit is ook nie 'n aanduiding dat die koms van die Here Jesus 'n mislukking was nie. Dit is wel 'n aanduiding van die verdorwenheid van die mensdom. En dit is ook 'n aanduiding van die genade van die Here om geleentheid te gee dat elke uitverkorene wel sal inkom in Sy koninkryk. Ons moet dus nie moedeloos word nie, maar vertrou dat die Here ons enduit sal bewaar, en ons dan wel in heerlikheid by Hom sal neem – dan sal ons vir ewig vry wees van die onreg wat ons nou ervaar.